DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug;
want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

21 Oktober 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Sb. 12-3: 1, 2 (72)	Sing vooraf	Ps. 106: 1, 2
Sing	Ps. 107: 1, 3	Sing	Ps. 89: 1, 6
	Ps. 141: 1, 3, 4		Ps. 119: 45, 46
	Ps. 111: 4, 5		Ps. 119: 47, 48
	Ps. 91: 1, 8		
Skriflesing	Matteus 6:19-24 Jesaja 44:1-11	Skriflesing	Romeine 7: 7-25 HK Sondag 44 Vraag 114, 115
Teks	Matteus 6:24	Teks	Romeine 7:13-15, 24-25
Tema	**Is God regtig vir jou die almagtige God op wie jy jou hede en toekoms bou?**	Tema	**Ons onvermoë om die wet na te kom, maak die wet allermins ongeldig**
Seënbede: Psalm 134: 1, 3 en 4			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BEDANKING

Baie dankie vir die meelewing en omgee vanuit ons gemeente met die afsterwe van my ma.

Sr. Marie Mulder

BYBELSTUDIE

Bellville: Dinsdag om 09h30 en 19h00
Dames Bybelstudie: Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

KIERIEKLUB

Die Kierieklub beplan om op DV **Saterdag, 3 November** by **Silwermyn** te gaan stap en dan saam piekniek te hou. Alle lidmate is hartlik welkom – ook dié wat nie wil stap nie, maar net wil inskakel vir die geselligheid. Daar is meer besonderhede en ‘n naamlys op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal. Kontakpersoon: br. Willem de Haan

KOOR

Die koor oefen vanmiddag om 17h00 in die kerkgebou. Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om saam te kom sing! Min lidmate het verlede week opgedaag en veral sopraanstemme word nog benodig. Kontakpersoon: sr. Etresia Hendricks

BASAAR ***Saterdag, 27 Oktober 08h00 – 13h00*** ***Kom help of ondersteun!***

Ons jaarlikse basaar is **eerskomende Saterdag** en die stalletjies benodig nog **baie hulp en donasies**! Gaan kyk asseblief waar u gawes en talente aangewend kan word en skryf u naam op die plakkate.

Donasies kan in die konsistorie geplaas word. Daar sal ook op **Vrydag, 26 Oktober van 10h00 tot 19h00** geleentheid wees om produkte af te lewer. Geldelike donasies kan u in 'n gemerkte koevert in die Kassiere kissie plaas of per EFT na die gemeente se bankrekening oorbetaal met die verwysing *Basaar*.

Koördineerders:

Boeke & Tydskrifte	Ben Groot
Boereworsrolle & Koeldranke	Ludwig Venter
Deli	Adriaan Louw
Eko-klub	Tommie Venter
Groente & Vrugte	Gert Mulder
Handwerk/Vintage/Speelgoed	Tillie Wüst
Jaffles	Annelie van Wijk
Koek & Gebak	Rea Costerus
Konfyt	Marie Mulder
Lekkergoed	Mariët Nijeboer
Pannekoek	Natasja Jacobs
Plante	Lizette Opperman
Poeding	Marietjie Kruger
Speletjies	Lydia Uys
Teetuin	Jacqueline Meijering
Wit olifant	Piet Reyneke
2de Handse Klere	Nicolette Costerus

Groente & Vrugte Ons soek kontakte vir groente en vrugte, asook bydraes uit lidmate se tuin

Handwerk Ons benodig hulp met die verkope. Groot asseblief!

Eko-klub Daar is 'n **prys** vir die persoon wat die meeste (skoon) plastiek bring, vir die maak van eko-bakstene. Dit word per gewig beoordeel. Bring ook asseblief skoon 2liter koeldrankbottels. Weet jy nie wat 'n eko-baksteen is nie? Kom kyk gerus by ons stalletjie!

Koek en gebak Groot koeke, klein koeke, melktert en muffins. Brode, beskuit, koeksisters in sakkies. Dadelballetjies, sjokoladeballetjies en souttertjies in bakkies. Vir Rea kan julle bel, sodat sy haar nie kwel!

Plante 'n Groot verskeidenheid waterwyse plante beskikbaar om die kaal kolletjies waar die droogte ons tuine geraps het, weer mooi te maak! Plante is 'n fraksie van die prys wat jy by 'n kwekery sal betaal! Kom kyk na ons spesiale geskenkverrassings!

Kinder-vermaak Inkleur-kompetisie Springkasteel *Fear Factor* Gesigverf Jenga

Bemarking

Help ons asseblief om die nuus te vesprei!

- ✓ Stuur die pamflet per **e-pos** of ***WhatsApp*** aan vriende en familie wat in die omgewing woon (kontak sr. Willina Cilliers as jy nog nie 'n kopie ontvang het nie)
- ✓ *Share* die *event* wat op ***Facebook*** geskep is en dui aan dat jy dit gaan bywoon
- ✓ Kom kry 'n A4 of A3 **plakkaat** in die kerkkantoor en plak dit by jou werk, skool of plaaslike winkel op die kennisgewingborde. Jy kan dit ook agter op jou motor se venster plak.
- ✓ Sit 1 van die **pamflette** in jou bure se posbus (beskikbaar by die deure)

LEWENDE STENE & ROTSE

Die hoërskool leerders en studente kom vanaand vanaf 19h45 tot 21h00 bymekaar in Bellville-Oos gemeente se kerkgebou. Prediker 12 word behandel in bybelstudie.
Kontakpersoon: sr. Carolien Meijering

MEELEWING

Br. Piet Reyneke se broer is oorlede. Die begrafnis het gister plaasgevind in Gauteng. Mag die Here hom en sy familie ryklik vertroos.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Ons verwelkom vanoggend die kinders en hul ouers wat die erediens saam met ons bywoon.

Skiereiland vir Christus Kamp: 20-24 Maart 2019

Met groot vreugde kan ons begin met die beplanning vir die derde Skiereiland vir Christus kamp! Dit is weereens 'n geleentheid waar ons hooftaak as gemeente is om God te verheerlik, Sy verlossing te verkondig en ook Sy genade en voorsienigheid te ervaar. Almal wat belangstel om betrokke te raak vergader op DV **Sondag, 28 Oktober om 16h30** in die konsistorie.

Ons benodig hulp op verskeie vlakke:

- Groepleiers - oud en jonk (14 jaar+)
- Kosspan lede
- Aanbieders - dalk wil jy iets spesiaals vir die kinders kom leer?
- Enige algemene ondersteuning

Daar is ook ‘n naamlys op die SvC aansteekbord in die teedrinklokaal – skryf asseblief u naam op indien u betrokke wil raak. Kontakpersone: srs. Jana de Bruyn, Elré Gerber en Magda Groot

3. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Willina Cilliers**, Christelle Basson, Hester Briel, Hilde Coetzee, Debbie Daling, Elrika du Toit, Elzanne Koegelenberg, Mariëtte Lombard, Margo Nijeboer, Yolandi Taljaard
Woensdag (Diakonie): Srs. **Lizette Opperman**, Adriana Andersen, Elré Gerber, Jeanette Janse van Rensburg
Volgende Sondag: Srs. **Geertje Groenewald**, Netta Baltes, Antoinette Douglas, Veronica Meyer, Mariët Nijeboer, Annemie van Dyk, Marthie van Rooy, Arlene van Tonder

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Chrisjan Vrey, Martin van der Walt, David Myburgh, **Lawrence Lombard**
Volgende week: Brs. Ruthven Janse van Rensburg, Marten Daling, Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard

Ouderlinge
Vandag: Brs. Guillaume Gerber, Arno Loots, Adriaan Louw, Jacobus Venter
Volgende week: Brs. Wilhelm Groenewald, Piet Aucamp, Ben van der Walt, Jakobus Wüst

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Niël van Hoving, Mannes Nijeboer
Volgende week: Brs. Attie Juyn, Riaan Janse van Rensburg

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Paarl Skool
By die deure:	Instandhouding van Eiendomme	Bolandse Bedieningsfonds

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Oktober: 29/10 Langeberg Ridge
November: 12/11 Brackenfell 1, 26/11 Table View
Desember: 03/12 Kuilsrivier

VERGADERINGS

Basaarbestuur
Vanaand na die erediens in die konsistorie
Borg 'n Bybel
Vandag om 17h00 in die konsistorie
Diakonie
Woensdag om 19h00 in die konsistorie
Skiereiland vir Christus Kamp
Volgende Sondag om 16h30 in die konsistorie
Basaar (alle koördineerders)
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

5. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Lenie Joubert** gelukwens met haar **95ste** verjaarsdag!

Vandag	Sr. Marthie van Rooy Ds. Coen Vrey
22/10	Christopher Chinasamy (5 jaar) Br. John Eiberg Br. Freddie Scheepers Br. Martin van der Walt Sr. Debbie van der Westhuizen
23/10	Sr. Adriana Andersen Sr. Jethie Buys Ruben Meijering (16 jaar)
25/10	Br. Pieter van Zyl
27/10	Sr. Lenie Joubert Sr. Elsa Kruger Sr. Deléne Vrey

Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie ...
sê die Here, wat jou liefhet. *Jesaja 54:10*

Die Susters nooi u hartlik uit om na die oggenderediens verversings te geniet en gesellig saam te kuier ter viering van ds. Coen en sr. Deléne Vrey se verjaarsdae.

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag** om **16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za